

28 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:13-18; 3:5-7

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:6

Christus stuur ons om aan 'n nuwe mensheid te bou

Met die lewe en dood van Christus, sê Paulus, het Hy een nuwe mensheid tot stand gebring (vs15). Hy het iets nuuts geskep ... die kerk. Dit het Hy gedoen deur sy liggaam te gee. Daarmee bedoel Paulus sy sterwe aan die kruis op Golgota waarmee Hy vrede bewerk het. Vrede tussen God en die sondaarmens deur die betaling van die skuld van die sonde van die mens, en vrede tussen mens en mens. Jode en nie-Jode is bymekaargebring en met God versoen en tot een liggaam verenig (vs 16).

Die Jood het van homself gedink as rein en alle nie-Jode is onrein. Jesus het deur sy offer die reiniging van die nie-Jood bewerk en die wette wat aanleiding gee tot die vyandskap opgehef en hulle een gemaak. Daarom is Hy die Vredevors (soos Jesaja reeds voorspel het).

Hierdie een, nuwe mensheid is deur die profete verkondig, maar nooit is ver wag dat die enigste voorwaarde wat sou geld, die verbondenheid met Jesus Christus sou wees deurdat hulle in Hom glo nie. Dit is die geheimenis wat nou geopenbaar is. Dit is die krag en redding van God, en dit is die groot voorreg en genade van God wat vir Paulus en vir jou en vir my roep om met die geheimenis te werk.

Dit is ons vreugde om in gehoorsaamheid aan hierdie nuwe mensheid te bou. Elke dag, waar ons ook al kom, word ons geroep om die evangelie te verkondig en vrede te bring wat God bewerk ... om Christus te bring wat ons vrede is.

Sing: Psalm 100:1, 2, 4

Ds. E (Emile) Naude (Eden)